**Gesprek met personeellede van die Wilcocksgebou**
**1-2 nm, 10 Februarie 2011, Fismersaal**

**Opmerkings deur prof Russel Botman,**
**rektor en visekanselier, Universiteit Stellenbosch, gevolg deur 'n vraag-en-antwoordsessie**

Welkom kollegas. Vandag is 'n geleentheid om te sê *sorry* en om te kyk waar staan ons nou ten opsigte van alles nadat die Wilcocksgebou afgebrand het. Jammer eerstens dat ek nou eers met julle praat. Ek het ongelukkig nie kans gekry om verlede jaar al met julle te praat nie, maar soos julle weet ek was self teenwoordig ten tye van die brand en in die weke daarna was ek elke dag met (prof) Leopoldt (van Huyssteen, Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies), in verbinding.

*You have been put through a lot of trauma, and have had a high level of personal loss. The important documents you have lost, all those notes on your documents, you can always get another photocopy but you would have a lot of thought that went into your work – thought that you would have wanted to use to take your work to the next level over coming years. I can understand that it is a great loss, the manuscripts the books, the photos, the electronic material.*

Dit is ook sleg die tyd wat dit gebeur het, 'n tyd wat 'n mens gereed maak om te gaan rus. Dan sit jy jou goed reg vir wanneer jy terugkom, en dan gebeur so iets en daar is nie weer 'n terugkom nie.

Ons stel weliswaar 'n versekeringseis in, maar ons besef dat sekere dinge gewoon onvervangbaar is, en daarom was die brand by die Wilcocksgebou op 10 Desember verlede jaar 'n tragedie. Gelukkig was daar geen lewensverlies of ernstige beserings nie. En ons mense het saamgestaan en mekaar ondersteun, en daar is plangemaak om die werk van die Universiteit te laat voortgaan.

Ons gaan later formeel dankie sê en erkenning gee, maar ek noem solank 'n paar mense en strukture. Theresa van Rooyen, 'n M-student in sielkunde, was in die brandende gebou vasgekeer, maar het onder groot druk kop gehou. Drie manne het hul lewens op die spel geplaas om haar te red: Grant Leukes van die Internasionale Kantoor; Eric Saal, 'n onderwyser en PhD-student; en Harold Siebrits van die US se Risiko- en Beskermingsdienste. Harold se kollegas het ook waardevolle hulp verleen. Ashley Nefdt het kantore laat ontruim en Kungeka Ndila het seker gemaak die gebou is leeg.

Dan was daar natuurlik die goeie werk deur die dorp se brandweer en ander nooddiensafdelings, en ek het vanoggend ons dank aan die burgermeester oorgedra.

'n Gebeurlikheidskomitee is onder leiding van prof Leopoldt van Huyssteen, Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies, tot stand gebring. Ek sonder ook vir Nadeem Gafieldien, ons Fasiliteitsbestuurder, uit. Hy hanteer die Wilcocks-situasie baie goed.

En dan is daar 'n klomp personeellede wat in die nadraai van die brand hul kollegas bygestaan het en vir hulle plek help maak het sodat hulle weer kan aangaan met hul werk. Dit is indrukwekkend wat in 'n kort tydjie vermag is, veral inaggenome dat dit vakansie en boonop bouersvakansie was.

Die Wilcocksgebou het aan die einde van verlede jaar afgebrand, en teen die tyd wat studente vanjaar gearriveer het, was oorbruggingsmaatreëls in plek. Personeellede het almal ʼn tydelike werkplek gekry; en tydelike lesinglokale is gevind sodat klasse kon hervat. Ons besef dis nie ideaal nie, maar dankie vir almal se bereidwilligheid om die beste van die situasie te maak, en dankie vir almal wat plek gemaak het vir hul kollegas.

*The Wilcocks building is important to your work but also to students and the University as a whole. It is going to be rebuilt, and I have had the opportunity of looking at the first proposals of what can be done. We were on the point of adding an annex to the Arts and Social Sciences building across the road. Now it has become possible to integrate much of that thinking into the planning for Wilcocks. It is an opportunity that comes out of tragedy.*

Ons kyk nou hoe ons hierdie gebou ʼn simbool kan maak van die Universiteit se verbintenis om ʼn instelling van en vir die 21ste eeu te wees. ʼn Belangrike aspek van die HOOP Projek is om vorentoe te kyk en die vraag te vra wat moet jy vandag doen om by ʼn beter more uit te kom. Nou het ons die geleentheid om dit te doen.

Dit gaan ʼn voorbeeld wees van wat moontlik is. Dit gaan geleenthede skep vir studente, beter leergeleentheid. Dit gaan die soort van leerteater skep vir jul werk wat ons nie andersins gou sou kon bewerkstellig nie.

*This could be a futuristic teaching and learning facility and office space. We are looking at suggestions of gaining a fourth floor without building another level simply by using the roof space better, but at the same time looking after the safety and health of our staff and students.*

*We are looking at smaller spaces, larger spaces for learning, spaces for students to relax and also to work on the internet, to interact with one another, to learn better, etc. Once the new building is there, you should share the experience with others so that they can say they also want something similar. You will be part of the discussions, and together we must see how we can make of the Wilcocks a building of the future.*

Wat die oorsaak van die brand betref, is die forensiese ondersoekers se finale verslag nog uitstaande, maar dit lyk voorlopig of die brand per ongeluk ontstaan het – en wel aan die teenoorgestelde kant as waar werkers besig was om die dak te herstel.

Die versekeraars sal wil uitbetaal om die gebou te herstel na wat hy was. Ons kyk na verbeterings. ʼn Bykomende R15 miljoen gaan daarvoor nodig wees en ons moet dit in die hande kry. Dis ʼn geleentheid wat ons gewoon moet gebruik.

Daar is nou ʼn geleentheid vir vrae.

---

**Dr Wessel Visser** (Departement Geskiedenis): Ek is sedert die 1970's aan die US verbonde, en daar was al vier geboue wat afgebrand het. Nadat Eendrag afgebrand het, moes ons tog besef het hierdie pandakke is ʼn probleem. Hier is baie ou geboue.

Brandmure, rookverklikkers, brandblussers, nooduitgange is almal kwessies. Wat doen die administrasie hieroor?

**Prof Russel Botman** (Rektor en Visekanselier): Ons het gesprekke in die Risikobestuurskomitee hieroor. Daar moet opnuut gepraat word met elke gebou se Veiligheids- en Risikobestuurskomitee oor hul verantwoordelikhede. En dan kom die boodskap uit by Fasiliteite en die Risikokomitee.

**Mnr Chris Munnik** (Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur): Brand en toegangsbeheer (sekuriteit) – dis die twee groot risiko's. Daar is wel ŉ klomp goed gedoen hieroor, soos weerspieël in ŉ onlangse verslag aan die RBS (Rektor se Bestuurspan).

Risikobestuur het baie belangrik geword by die Universiteit. Aanstellings is gedoen. Ons het ŉ risikobestuursfunksie gestig, en dis toegedeel aan Viljoen van der Walt (Direkteur: Risiko- en Beskermingsdienste).

Die realiteit is dat hierdie kampus sit met agterstande wat skrik vir niks nie in terme van instandhouding. Dis een van die hoofrisiko's wat geregistreer is by die Rektor, by die Raad – ons fasiliteite en die toestand daarvan. Deel daarvan is veiligheid.

Toevallig het ons vanoggend Risikobestuurskomiteevergadering gehad. Ons het gepraat oor ŉ verdere oprat van die Gebeurlikheidsplan ten opsigte van brand en toegangsbeheer. Daar is reeds ŉ aksiespan gestig, ons skop môre af. Ons gaan in al die omgewings met mense in wisselwerking tree, aan tydelike toerusting aandag gee, selfs sover gaan as die opleiding van mense wat in boonste verdiepings werk, want dis waar die grootste risiko lê. Brande versprei in ons dakke. Rookverklikkers is ook op ons lys.

**Prof Russel Botman**: Ek is die hoofrisikobeampte van die Universiteit, ek moet my verantwoordelikheid delegeer. Mense het afgeteken op hul verantwoordelikhede. Ons moet verseker hierdie Veiligheids- en Risikobestuurskomitees werk beter. Die verslae is baie belangrik. As ek verantwoordelikheid afteken aan ŉ dekaan, moet hy verslae kry van sy onderskeie Veiligheids- en Risikobestuurskomitees. Dit moet regdeur die Universiteit gebeur.

**Prof Leopoldt van Huyssteen** (Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies): Dit gaan nie net oor plannemaak nie, dit moet ook bekostig word. Ons het in die 2010 begroting R10 miljoen ekstra gegee vir instandhouding om hierdie tipe probleem aan te spreek. In vanjaar se begroting het ons R16 miljoen beskikbaar gemaak. Dus reeds R26 miljoen oor twee jaar. Hierdie bedrag word voortaan op ŉ deurdrabasis voorsien vir voorkomende instandhouding.

T.o.v. die breër planne, het ons net voor die brand R85 miljoen by die Raad gekry om hierdie tipe risiko goed te kan bestuur. En dis geprioritiseer. Een van ons groot kwessies is brand en veiligheid op die Tygerbergkampus. Dus het ons daar begin en so word dié geld ook agter die planne ingeskuif.

Ons het met verskering gepraat oor die insit van brandmure in ou geboue waar die regulasies dit destyds nog nie vereis het nie. Hulle sê as ons huishouding reg is en ons is nie nalatig nie dan stel hulle brandmure nie as ŉ vereiste vir versekerbaarheid nie. Ons kan nie net lostrek en brandmure bou nie.

**Mnr Nadeem Gafieldien** (Fasiliteitsbestuurder): Ek was by Ingenieurswese oor hul Veiligheids- en Risikobestuurskomitee en ek gaan binnekort Lettere toe. Ek was ’n week voor die brand by die Wilcocks en het toe met mense gepraat oor meubels wat in die gang staan en gesê as ’n brand uitbreek gaan daar probleme wees, so julle moet die goed verwyder.

In die Veiligheids- en Risikobestuurskomitees is daar ook bepaalde verantwoordelikhede. Die rektor wentel sy verantwoordelikheid af na strukture onder hom en almal moet self verantwoordelikheid neem vir hul bepaalde omgewing, byvoorbeeld vir die huishouding. Dit gaan nie net oor fasiliteite nie, dit gaan ook oor mense en wat hulle doen om veiligheids- en risikokwessies te identifiseer en aan te meld. Laat ons nou hande vat en vorentoe beter werk.

**Prof Russel Botman**: Dit is so daar is ’n hele klomp geboue is wat oud is. Ons het ’n instandhoudingsuitdaging. Ons het R1,4 miljard nodig om inhaal instandhouding te doen, dit is net om op die agterstallige instandhouding in te haal. Ons moet kyk na geld, veiligheid en die kennis wat in ons geboue is.

**Vraag**: Parkering?

**Prof Leopoldt van Huyssteen** : Die Universiteit het ’n meesterplan, en deel daarvan is ’n mobiliteitsplan. Ons kyk na bussies, ’n pendeldiens. Ons het nog bietjie geduld nodig ten einde toe te laat om die planne te befonds en te kan uitrol.

**Prof Tony Naidoo** (Psychology Department): As ons kreatief met parkering is, kan ons ’n oplossing vind. Ons vra bv. dat elke omringende omgewing ons drie parkeerplekke gee. Nog iets – dis twee maande na die brand, en bv. in die Kruiskerk, waar mens op jou knieë gaan om te bid, gaan ons studente op hul knieë om aantekeninge te maak tydens lesings. En ons het lugverkoeling nodig.

*Something else – we are talking of positioning the University for the future, of making it a place of hope. We should give serious consideration to changing this building’s name.*

*For many of us Wilcocks is part of the history of South Africa that we need to move away from. We are talking about hope; we should use this opportunity to generate hope.*

**Prof Leopoldt van Huyssteen**: Dankie vir die insette. U moet net vir Nadeem laat weet die dae wat u parkering benodig, hy sal ’n plan maak. Die *clip boards* en waaiers is reeds hier, dit moet nog net versprei word.

Naamsverandering – ons het Maandag met die Rektor gepraat oor die Wilcocks se herinrigting, onder andere ook oor die naam. Dit is ’n geleentheid. Al ons geboue se name is al oud en kan heroorweeg word. Ons kan die naamregte verkoop. As mense geld skenk, kan hulle geboue na hulle vernoem kry.

**Prof Albert Grundlingh** (Geskiedenis): Wat is die vordering met die versekering?

**Prof Leopoldt van Huyssteen**: Ons het ’n kontrolerekening geskep, en die versekering het gesê koop wat julle nodig het – ’n waaier, ’n ketel, wat ook al om aan die gang te kom. Ons het ’n redelike vryheid binne perke om al die departemente en die kollegas ten volle funksioneel te kry. Die eerste fokus was om die gebou se koste

te bereken. Helette Pieterse sal ons terugvoer gee oor die versekering se besluit in die verband.

Die persoonlike goed is ongelukkig nie onder US se polis verseker nie, maar binne perke is die versekering en die Universiteit bereid om daarna ook te kyk.

***Prof Sandra Swart*** *(Geskiedenis): I agree we have lost irreplaceable things, but we have also lost replaceable things. I accept the University is not going to replace my beautiful yellowwood desk in my office. It was my decision to take it there. But what about my 1000 books? I needed them to do my work.*

*Name change – we should think about naming it after Grant Leukes.*

**Prof Russel Botman**: *That building is going to be a major part of the new face of the University. Crozier Street will become the major approach, Admin A will become a more welcoming place, and this building will be the next one you see, it must have the same feeling as the new Admin A. It will be a new building; it won't be the Wilcocks anymore. But we must think of how we build memory into the thing.*

**Prof Leopoldt van Huyssteen**: *The insurance allows us to put you back into business. If there is a book you need to buy, ask us. We cannot replace all 1000 – there is another process for this. But if there are five, ten, ask us, we can buy it from the control account.*

**Prof Russel Botman**: *We can buy what we need to do our work, but for the rest they want us to negotiate.*

-EINDE-